Op pad vir Christus – www.ngkraggakamma.co.za

JUBEL VIR JESUS

Wysneus: Hallo Maats! O, dis lekker om terug te wees by die kerk. En dis so lekker om julle almal weer te sien. Ek is so bly ek wil sommer net jubel en juig.

Stoffel: Jubel en juig? Waarvan praat jy, Wysneus?

Wysneus: Hallo Stoffel, is jy ook bly om terug te wees?

Stoffel: Terug by die skool?

Wysneus: Nee Stoffel, terug by die kerk.

Stoffel: O ja, sommer baie bly... om by die kerk te wees... Van die skool is ek nie so seker nie.

Wysneus: Hoe dan so Stoffel?

Stoffel: Die juffrou het gesê ons gaan hierdie jaar baie somme doen, en ek weet nie meer so mooi van somme nie, want die vakansie was so lank dat ek `n bietjie van somme vergeet het.

Wysneus: Van vakansie gepraat, het julle ook so lekker vakansie gehou soos ek?

Stoffel: Ek het! Ek het sommer baie.

Wysneus: Wat het jy alles die vakansie gedoen, Stoffel?

Stoffel: Jy sal nooit raai nie.

Wysneus: Nie?

Stoffel: Nee, maar jy kan probeer.

Wysneus: Wil jy hê ek moet raai wat jy alles die vakansie gedoen het?

Stoffel: Ja, en die maats kan jou help.

Wysneus: Dit klink na `n lekker speletjie. Ja, ek dink ook so. Maats, wat dink julle het Stoffel alles die vakansie gedoen? Stoffel, het jy geswem?

Stoffel: Ja, en ek het branders gery met my “surfbord”.

Wysneus: En het jy vis gevang?

Stoffel: Ja! Maar my pa sê mens noem dit nie visvang nie, mens noem dit mengel.

Wysneus: Mengel? Jy bedoel seker hengel.

Stoffel: Hengel ja, want hy sê ek vang nie die visse nie, ek voer hulle net. Raai nog.

Wysneus: Eehmm... laat ek sien... het jy “getan”?

Stoffel: Gewat?

Wysneus: In die son gelê om bruin te brand.

Stoffel: (Lag) Haa... ha... Vir `n wysneus is jy ook maar lekker dom. Hoe sal ek "tan"? Ek is van lap gemaak.

Wysneus: Dis ook weer waar. Maats, wat het julle alles die vakansie gedoen? Dalk het julle dieselfde goed as Stoffel gedoen.

Stoffel: Ek dink nie so nie.

Wysneus: Nie?

Stoffel: Nee.

Wysneus: Hoekom nie? Hulle was ook met vakansie en dis heel moontlik dat hulle dieselfde goed as jy gedoen het.

Stoffel: Ek dink nie hulle kon nie, want hulle het nie saam met Lizzy vakansie gehou nie.

Wysneus: Lizzy? Het jy iets saam met Lizzy gedoen?

Stoffel: Nie heeltemal nie...

Wysneus: Nee Stoffel, dis nie iets wat ek sommer sê nie, maar nou verstaan ek nie. Miskien moet ons vir Lizzy roep en haar vra waarvan Stoffel praat. Sal julle my help om haar te roep?

(Hulle roep.)

Stoffel: Miskien moet ek liewer maak dat ek wegkom, voor sy kom. Ek dink net nie na die vakansie is Lizzy nou lus vir my nie.

Wysneus: Hoekom klink dit vir my jy het `n skuldige gewete? Stoffel, jy bly net hier sodat ons kan uitvind wat jy die vakansie aangevang het.

(Hulle roep)

Lizzy: Waarom pla julle my? Ek is besig.

Wysneus: Waarmee?

Lizzy: Ek maak `n lysie van al Stoffel se stoutgeit.

Stoffel: O gaats, hier kom moeilikheid.

Wysneus: Wat?

Lizzy: Die hele vakansie was hy baie lelik met my. Hy't my geterg en geboelie.

Wysneus: Ag nee Stoffel, is dit wat jy die vakansie gedoen het?

Stoffel: (Skaam) Ja... miskien.

Lizzy: Miskien! Hy wou my nie uitlos nie. As ek wou boek lees, het hy kort-kort my boek gestamp en as ek wou TV kyk, het hy die TV afgesit, en as ek met my Barbie's wou speel, het hy hulle gegryp en weggehardloop.

Wysneus: Regtig Stoffel?

Lizzy: En dis net die begin! Nou maak ek `n lys van al sy stoutgeit en dan gaan ek dit dupliseer en oral vertoon en vir almal by die skool en kerk gee sodat almal kan weet hoe stout hy is.

Wysneus: Sjoe, dis `n mondvol, maar dit klink my jy is besig om boek te hou van die kwaad.

Lizzy: Ja, van al Stoffel se kwaad.

Wysneus: Ek dink nie dis wat die Here wil hê jy moet doen nie.

Stoffel: Nee, ek ok nie.

Lizzy: Maar ek het hom gewaarsku, maar hy wou my nie uitlos nie. Nou sal hy die gevolge moet dra.

Wysneus: Dit maak nie saak nie, die Bybel sê die liefde hou nie boek van die kwaad nie.

Stoffel: Ja, hoor jy Lizzy, die Bybel sê... Haai Wysneus sê die Bybel regtig so?

Wysneus: Ja dit staan in 1 Korintiërs 13.

Lizzy: Maar wat dan van my lys?

Wysneus: Ek dink jy moet dit weggooi.

Stoffel: O, dankie tog!

Lizzy: Maar wat van Stoffel se stoutgeit?

Wysneus: Ek dink jy moet hom vergewe.

Stoffel: Ja, ek ook.

Wysneus: En Stoffel ek dink jy moet vir Lizzy om verskoning vra.

Stoffel: Ek het al, maar ek dink nie sy was toe lus om na my te luister nie.

Wysneus: Dan moet jy dit maar weer doen.

Stoffel: Nou goed. Lizzy ek is jammer ek het jou die vakansie so baie geterg, maar ek wou maar net gehad het jy moet met my ook speel.

Lizzy: Moet ek nou die lys weggooi?

Wysneus: Ja, gee vir Stoffel kans om `n nuwe blaadjie om te slaan.

Lizzy: Goed dan. (Sy skeur die blaai stukkend.) Nou voel ek sommer baie beter.

Stoffel: Ek ok. Nou voel ek regtig lus om te jubel en te juig.

Wysneus: Wat `n goeie idee! Kom ons vra oom Frans-hulle om sommer lekker te sing.

(geskryf deur Danie Matthee)